**Moordvis.**

Irna van Zyl. 2016. Kaapstad: Penguin Random House. 253 pp.
ISBN: 978-1-4152-0720-8.
DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v.54i1.28

Die resep: misdaadfiksie. Die bestanddele: ʼn welbekende mediapersoonlikheid, rojale publisiteit en mediadekking, ʼn knippie ekologie en aktuele kwessies na smaak. Die resultaat: ʼn halfgebakte (*moord)vis*koek, wat tog lekker kan smaak, afhangend van hoe jy daaraan proe.

In Julie 2016 publiseer Penguin Rondom House die speurdebuut van Irna van Zyl, ʼn deurwinterde swaargewig in die media, wat met dié eerste roman ʼn groen hand op die skryf van misdaadfiksie lê. Die roman bied ʼn lekkerleeservaring, alhoewel Marita van der Vyver se beskrywing daarvan as "meesleurend"—op die roman se voorblad—dalk ʼn effense oordrywing is.

*Moordvis* speel grootliks af in die denkbeeldige kusdorpie, genaamd Grootbaai. Dié dorp is ʼn groot toeristeaantreklikheid ten opsigte van haaihokduik, maar agter die skerms (of onder die water) is perlemoenstropery net so ʼn groot (en lewensbedreigende) kommoditeit in Grootbaai en omgewing. Daar is ook verwysings na bekende vakansiedorpe soos Hermanus en Gansbaai wat dit moontlik maak vir die leser om die milieu te koppel aan ʼn realistiese en toeganklike belewing van die ruimte—iets wat belangrik is in die skryf van ʼn misdaadroman.

Tradisioneel open misdaadfiksie met ʼn misdaadtoneel of dalk ʼn lyk, maar Van Zyl se romanaanvang lyk meer op ʼn karrejaag-toneel waarin estrogeen en testosteroon teen mekaar gemeet word. Dié toneel werk wel karakteriserend, veral in terme van die hoofkarakter, Storm van der Merwe. Storm word hier voorgestel as ʼn vrou wat nie sommer vir iemand terugstaan nie, maar terselfdertyd ʼn groot liefde vir honde het en ook gekoppel is aan die watermotief wat deurlopend in die roman ʼn belangrike rol speel (vandaar die naam Storm).

Op die amptelike webwerf van die skrywer voer Elmari Rautenbach ʼn onderhoud met van Zyl waarin sy vra waar die karakter van Storm vandaan kom en hoekom sy juis ʼn vroulike speurder gebruik het. Hierop is die skrywer se antwoord dat Storm vroulik is, want dit is hoe die demografie van die polisie deesdae lyk—vol vroulike offisiere, en sy is ook ʼn adjudant-offisier omdat hulle meestal die mense is wat al die harde werk in ʼn ondersoek doen.

Dit kom egter voor asof Van Zyl meer wou bereik met Storm as ʼn *vroulike* hoofkarakter van ʼn misdaadroman as wat sy hier te kenne gee. Deur die karakterisering van Storm word daar deurgaans rondgeplas in die feminismepoeletjie, alhoewel dit te doelbewus en ongenuanseerd aangewend word. Storm dink byvoorbeeld in die openingstoneel van die roman dat ʼn man haar nie soos ʼn vrou moet behandel "wat niks vir haarself kan doen nie. En dit terwyl dit glad nie is hoe sy is nie" (11). Die feit dat sy ʼn vrou is, is ook gedeeltelik die bron van die konflik wat die begin

van haar en Moerdyk se verhouding gevorm het: "Toe sy sewe jaar gelede uit Johannesburg in Kaapstad gearriveer het, was sy 'n groentjie wat die see betref en was dit dikwels die rede vir 'n groot spotterny. Veral van Moerdyk. Toe nog sersant Moerdyk. Wat nou eenmaal nie gelukkig was dat hy 'n vrou as partner gekry het nie. Veral nie 'n bruine nie, het sy gou afgelei." (43).

Ook die rassekwessie kom aan bod en kry hoofsaaklik deur die aard van die verbintenisse tussen karakters beslag. Daar word byvoorbeeld gesuggereer dat die eienaar van die kroeg en die kamer wat Storm in Grootbaai huur, dalk om meer as een rede nie baie met Storm beïndruk is nie: "Magdaleen hou glad nie van honde in haar kroeg nie en Storm word by die dag meer daarvan oortuig dat Magdaleen ook nie so danig ingenome is met die feit dat Storm en Modise met hul donker gelaatstrekke so gemaklik in haar eetplek lyk nie." (190). Rassekonflik en -spanning word egter te terloops by die roman betrek en kom dikwels voor as 'n poging tot 'n kortpad om die roman meer aktueel te maak.

Enkele karakteronthullings, nie altyd ewe verrassend nie, hou ook verband met karakterverhoudings en blyk 'n poging te wees om realistiese en multidimensionele karakters te skep. Oor die algemeen skiet die karakterontwikkeling in die roman egter tekort. Ná die lees van die roman kan ek steeds nie 'n duidelike prentjie van Storm vorm nie. Die karakters is meestal steurend gestereotipeer. Moerdyk is dalk die klinkklaarste voorbeeld hiervan—'n wit man in die polisiediens wat nou maar eenmaal sukkel om nie te diep in die bottel te kyk nie.

In die onderhoud met Elmari Rautenbach wat vroeër genoem is, stel Van Zyl dat humor, gebalanseerde karakters en veral empatie vir haar belangrike aspekte is om balans in 'n roman te bring waarin bloed en geweld ook so 'n groot rol speel: "Ek probeer dit illustreer met die honde in die storie, Moerdyk en sy aweregse benadering en hopelik 'n goeie skeut humor en menslikheid wat ook deur 'kleiner' karakters, soos konstabel Kaptein en die sekuriteitsvrou Shaneen Presens ingebring word." Ten spyte van dié poging word daar té dikwels op stereotipering gesteun in die uitbeelding van karakters se dialoog en voorkoms. Ook die liefdestoneel in die roman het nie genoeg om die lyf nie—veral wanneer die ek-staan-vir-niemand-terug-nie-Storm ewe skielik die stereotipiese genderrol van die passiewe vrou beken.

Wat die opbou van die narratief betref, is daar te veel los seewierdrade wat nie genoegsaam geïntegreer word nie. Vir 'n fynproewer wat op soek is na literêre pitkos, sal *Moordvis* dalk nie veel bied nie, maar vir diegene wat tone in die sand wil ontspan met 'n lekker misdaadstorie sal dié roman heel lekker smaak.

*Ihette Jacobs*
jacobsI@ufs.ac.za
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein